# Sukses in die bekamping van Fetale Alkohol Spektrum Afwyking in Prince Albert, Merweville en Leeu-Gamka

*Christel Botes*

FARR (Foundation for Alcohol Related Research) bied sedert 2018 verskillende programme in die Prince Albert area aan.

Die bekendste en mees omvattende van hierdie programme is sekerlik die Gesonde Moeder, Gesonde Baba© (GMGB©) program. Hierdie program streef daarna om vroue te ondersteun om gesonder swangerskappe en dus gesonder babas te hê. Alhoewel daar 'n groot klem is op alkoholvrye swangerskappe, is dit belangrik om daarop te let dat nie al die deelnemers alkoholgebruikers is nie. Baie van die kliënte neem deel om meer te leer oor swangerskap, selfversorging, geboorte en kindersorg. Andere benodig ondersteuning as gevolg van geestesgesondheidsuitdagings, moeilike huislike omstandighede, en dies meer.

Deelname aan die program is vrywillig. Deelnemers word vanaf die Department van Gesondheid se voorgeboorte klinieke en ook direk uit die gemeenskap gewerf. 'n Vereiste van deelname is dat die deelnemers toestemmingsvorms voltooi, minder as 20 weke swanger moet wees en gereeld die Department se voorgeboorte klinieke besoek. Die program bestaan uit individuele sessies, groepsessies, video inligtingsessies, tuisbesoeke en die bestudering en voltooiing van die "My Gesonde Boekie". Na geboorte doen 'n FARR gemeenskapswerker ook 'n tuisbesoek om die nuwe moeder en baba se welstand te monitor.

Tydens hierdie nageboortelike tuisbesoeke ontvang die moeders 'n doekesak met die FARR embleem op. Eie aan FARR se omgee-kultuur poog die personeel ook om 'n klein bederfgeskenkie in die sak te sit. Hiervoor steun FARR op skenkings van gemeenskapslede, winkels en organisasies. Dit was dan ook die beweegrede waarom Huis Kweekvallei se bestuurder, Ilze Koorts en inwoners, genader is om beertjies te brei en te hekel. Die welkome bydraes van hierdie dames het daartoe gelei dat FARR tot dusver 31 fraai beertjies ontvang het. Die dames is steeds fluks besig om meer te maak.

Hierdie program word tans ook met groot positiewe impak in ander projekareas van FARR soos Britstown, De Aar, Hanover, Upington, Burgersdorp, Graaff-Reinet en Trompsburg aangebied.

Die GMGB© program sluit onder meer die volgende in:

- Die ontwikkeling van die ongebore baba
- Die gevare van alkoholgebruik tydens swangerskap
- FASA en die voorkoming daarvan
- Die gevare van die gebruik van sigarette, tabak en ander dwelmmiddels
- Die kraamproses en voorbereiding daarvoor
- Babavoeding
- Die belang van nageboortesorg
- Gevaartekens na kraam – soos byvoorbeeld Postnatale Depressie
- Die baba se kliniekbesoeke
- Stimulering van baba
- Gesinsbeplanning

Wanneer die babas nege maande oud is, word moeders en babas genooi om 'n babakliniek by te woon. Tydens hierdie kliniek word die babas deur medici ondersoek. Die nodige behandeling en verwysings word volgens behoefte gedoen.

Die GMGB© Program, tesame met die ander programme wat aan die vaders, gesinslede, jeug, ouer persone en breë gemeenskap aangebied word, het reeds daartoe gelei dat daar 'n groter sin vir verantwoordelikheid ten opsigte van die beskerming en ondersteuning van swanger vroue in die gemeenskap tot stand gekom het. Die boodskap dat "geen alkohol veilig is tydens swangerskap nie" is al welbekend. Dit het reeds bygedra tot 'n skerp afname in die aantal geboortes van babas met Fetale Alkohol Spektrum Afwykings (FASA). Sodoende is ons besig om daadwerklik die uiters hoë FASA voorkomssyfer van 145/1000 (14,5%) in Prins Albert area, met groot sukses te verlaag (Louw et al, 2024).

FARR is opreg dankbaar vir die toewyding van elke deelnemende swanger vrou en haar gesin, elke moeder wat die program suksesvol voltooi het, die Department van Gesondheid se volgehoue ondersteuning, die breë gemeenskap wat help om die voorkomingsboodskap te versprei en swanger vroue te ondersteun, skenkings wat tot dusver ontvang is en vir die befondsing van Aware.org wat die projek moontlik maak.

Christel Botes, FARR, Prince Albert Projekkoördineerder.
princealbert@farrsa.org.za ■







*Groepfoto: (Voor vlnr) Me Grieta van Eck, Magda Mostert, Babs du Toit, Grieta Botes. Agter vlnr. FARR Gemeenskapswerker, Janine Paulsen, Me Sussie Alberts, Engela Botes, Bettie Alberts, Daphne van Zyl, Ilze Koorts en FARR Gemeenskaps Anquenic Devenish, asook Marietjie Muller van Merweville, en die toe afwesige Me Tos Swanepoel*
*FOTO: Verskaf*